**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 26 NOVEMBER 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van MPAC (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Adv. L Roos | : | Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste *(waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste)* |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. T April | : | Hoof: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mnr. M Mseleni | : | Interne Ouditeur |
| Me. A Mpahlwa | : | Risikobeampte |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner: Oos |
| Me. A Joubert | : | Omgewingsbestuursbeampte |
| Mev. RC Gerber | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN024/11/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna die Direkteur Finansiële Dienste die vergadering open met gebed.

***

**BKN025/11/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Korporatiewe Dienste - siekverlof

***

**BKN026/11/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN027/11/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 22 OKTOBER, DINSDAG 29 OKTOBER 2024 EN DINSDAG 12 NOVEMBER 2024**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notules van die vorige vergaderings soos gehou op Dinsdag 22 Oktober 2024, Dinsdag 29 Oktober 2024 en Dinsdag 12 November 2024 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (RC GERBER)***

***

**BKN028/11/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 22 OKTOBER, DINSDAG 29 OKTOBER 2024 EN DINSDAG 12 NOVEMBER 2024**
**3/3/2/2**

***(Implementeringsverslae word ter tafel gelê soos elektronies apart versprei)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

Die Munisipale Bestuurder meld dat besluit BKN011/11/2024 verkeerdelik aan die Munisipale Bestuurder uitgemerk is. Sy versoek dat die besluit aan die Direkteur Finansiële Dienste uitgemerk word en dat die aanpassing dienooreenkomstig op die Implementeringsverslag aangebring word.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings soos gehou op Dinsdag 22 Oktober 2024, Dinsdag 29 Oktober 2024 en Dinsdag 12 November 2024.

***KLERK: KOMITEES (RC GERBER)***

***

**BKN029/11/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in. Sy meld dat die kontrak rakende Kerklaan 7, Velddrif in proses is, dat Direksie eenparig besluit het dat Gemeenskapsdienste die gebou sal betrek.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN030/11/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in. Sy meld dat die kriminele hofsaak uitgestel is op Woensdag 20 November 2024 na Dinsdag 21 Januarie 2025.

***

**BKN031/11/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

- Sy moedig alle Raadslede aan om die Prysuitdelingsfunksie op Vrydag 13 Desember 2024 by te woon.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat die Burgemeesters Gholfdag gehou op Saterdag 23 November 2024 'n groot sukses was; en
- Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee 'n addisionele spesiale verlofdag vir die Administrasie gee ter viering van die negende skoon oudit.

Die Uitvoerende Onderburgemeester doen die volgende mededeling:

- Dat die Feesseisoen afskop op Woensdag 27 November 2024 plaasvind vanaf die Velddrif Stadsaal.

***

**BKN032/11/2024**
**EERSTE ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: PG TECHNOLOGIES CAPE: ENERGY MASTERPLAN AND GRID CAPACITY ALLOCATION**
**3/3/1/5**

Die Voorsitter verwelkom die afvaardiging op die "TEAMS" platform by die vergadering, waarna Mnr. Jurgens Daniel van PG Technologies Cape 'n visuele voorlegging aan die Komitee voorhou ter kennisname.

***(Die Hoof: Gemeenskapsfasiliteite sluit om 09:32 aan by die vergadering)***

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

Die Direkteur Tegniese Dienste bedank die afvaardiging vir 'n insiggewende voorlegging, waarna die afvaardiging die "TEAMS" platform om 10:07 verlaat.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN032/11/2024**
**TWEEDE ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: LYNERS CONSULTING ENGINEERS: SWIMMING POOLS VS SPLASH POOLS**
**3/3/1/5**

Die Voorsitter verwelkom die afvaardiging by die vergadering, waarna Mnr. Harlind Leng van Lyners Consulting Engineers 'n visuele voorlegging aan die Komitee voorhou ter kennisname.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

Raadsheer Wessels bedank die afvaardiging vir 'n insiggewende voorlegging, waarna die advaardiging die vergadering om 10:48 verlaat.

**BESLUIT**

Dat na sluiting van die tender proses op Maandag 09 Desember 2024, Gemeenskapsdienste ’n volledige verslag voorhou aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 21 Januarie 2025.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN0033/11/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN034/11/2024**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFBEGROTING**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN035/11/2024**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: REËLINGS TEN OPSIGTE VAN LIGGIEFEESTE**
**9/1/2**

***(Die item word ter tafel gelê)***

Die Voorsitter lei die item in. Hy hou sy versoek aan die Administrasie om praktiese hulp en beplanning ten opsigte van die onderskeie liggiefeeste aan die Komitee voor.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**BESLUIT**

Dat die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester ’n e-pos aan die relevante rolspelers sal stuur om ’n vergadering te reël vir Vrydag 29 November 2024.

***

**BKN036/11/2024**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: “SPAZA SHOPS”/HUISWINKELS**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

Uiteenlopende vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee, met spesifieke verwysing na die registrasie van huiswinkels teen 15 Desember 2024,

huidige beleide van Bergrivier Munisipaliteit wat huiswinkels aanspreek en kommunikasie met die publiek rakende die Munisipaliteit se standpunt oor die noodtoestand soos aangekondig deur die President.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die Direksie tans in die proses is om deur die onderskeie beleide van Bergrivier Munisipaliteit in-diepte deur te werk en indien nodig, aanpassings en opdaterings aan te bring.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN037/11/2024**
**<u>DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: ONWETTIGE STRUKTURE/WENDYHUISE</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

Hy spreek sy kommer uit oor die hantering van die oprigting van strukture op erwe en agterplase. Dat daar streng opgetree word teen aansoekers wat graag die wettige prosesse volg maar geen optrede teen die oprigting van onwettige strukture nie.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die kwessie na Direksie verwys word vir bespreking en voorstelle om die kwessie aan te spreek.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN038/11/2024**
**<u>RAADSHEERSKAP</u>**
**3/B**

Raadslid Moolman lei die item in. Die waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste hou die verslag breedvoerig aan die Komitee voor.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat daar gekyk word na die punte van alle Raadslede, dat dit jaarliks opgetel en op datum gehou word.

**<u>AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die titel Raadsheer met ingang van 26 November 2024 aan Raadslid Jakobus Daniels toegeken word.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE EN REGSONDERSTEUNINGS-DIENSTE***

***

**BKN039/11/2024**
**<u>PROGRESS REPORT UPDATE ON THE PROPOSED COASTAL EROSION MITIGATION AND PREVENTION MEASURES ENVIRONMENTAL AUTHORISATION APPROVAL PROCESS, ALONG REF 792 (STYWELYNE RESORT), LAAIPLEK</u>**
**17/12/4**

Raadslid Moolman lei die item in. Die Omgewingsbestuursbeampte hou die verslag breedvoerig aan die Komitee voor.

**<u>RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

1. That the contents of the report be noted, with specific note of the financial implications as mentioned at Point 4 in the report;
2. That the decision has been made to proceed with the proposed revetment outside of coastal public property (CPP) and within the cadastral boundary of

Erf 792, Laaiplek, which may impact on the lawn and cottages of Stywelyne resort;

3. That no additional fee be paid, and that the process proceeds with submission of the actual final engineering drawing with the proposed rock revetment outside of the CPP, by the EAP to DEA&DP. Then to await final decision from Provincial (DEA&DP) on the Environmental Authorization (EA); and

4. That a meeting be arranged between Bergrivier Municipality and the Provincial DEA&DP: Gerhard Gerber (Director: Development Facilitation) and Marlene Laros (Director: Biodiversity & Coastal Management).

***

**BKA040/11/2024**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE GROND GEDEELTE VAN RESTANT ERF 208, AURORA</u>**
**A.208**

Die Voorsitter lei die item in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Suidelike deel van Restant Erf 208, Aurora (meent aangedui op meegaande kaart) nie benodig word vir munisipale dienslewering nie;

2. Dat die Suidelike gedeelte van die Aurora meentgrond (±33ha groot) beskikbaar gestel word aan die Aurora Opkomende Boere Primary Co-Operation (Voorsitter J. Baron) vir ‘n huurtermyn van 9 jaar 11 maande teen R600 per jaar (BTW ing.), onderhewig aan die volgende:

   a) Die grond word verhuur uitsluitlik vir die verbouing van groente, vrugte of ander plantgewasse;

   b) Dat geen vee van enige soort op die grond aangehou mag word nie;

   c) Dat geen permanente strukture op die gedeelte grond opgerig mag word nie;

   d) Dat geen bewoning op die erf mag geskied nie, met dien verstande dat ‘n tydelike struktuur van nie meer as 18m² in totale vloeroppervlakte op die eiendom opgerig mag word vir kantoor/stoor/sekuriteitsdoeleindes;

   e) Bouplan aansoeke by die Boubeheerbeampte ingedien moet word deur die huurder vir die goedkeuring van enige tydelike strukture voordat dit op die perseel opgerig mag word;

   f) Dat die huurder geregtig sal wees om tydelike strukture wat aangebring word te verwyder by verval van die huurooreenkoms;

   g) Munisipale water mag nie aangewend word vir besproeiingsdoeleindes nie, en sal die suksesvolle huurder verantwoordelik wees om alternatiewe water vir besproeingsdoeleindes te bekom, en die nodige permitte van Departement van Waterwese daarvoor te verkry;

   h) Die huurder sal self verantwoordelik wees vir aansluiting tot Munisipale dienste, indien nodig;

   i) Die huurder sal verantwoordelik wees vir die omheining, beveiliging, skoonmaak en instandhouding van die grond;

j) Dat 'n terugval klousule wat soos volg lees: "Indien die bate nie vir landboubedrywighede aangewend word nie of benodig word vir Munisipale dienslewering, mag die huurooreenkoms gekanselleer word deur wedersydse billike kennis van 30 dae te gee of tot laaste oes verwyder word" as voorwaarde in die kontrak vervat word sou die Raad die eiendom beskikbaar stel vir verhuring;

k) Dat die Munisipaliteit nie verantwoordelik gehou kan word vir enige uitgawes wat deur die huurder self of deur befondsers op die perseel aangegaan word nie;

l) Die huurder elke jaar 'n finansiële verslag/staat aan Bergrivier Munisipaliteit voorsien om te sien waarvoor die fondse gebruik word en na wie dit verspei word; en

m) Dat geen onderverhuring mag plaasvind.

3. Dat die Munisipaliteit se voorneme om Suidelike gedeelte van Erf 208, Aurora (±33ha groot) aan die Aurora Opkomende Boere Primary Co-Operation te verhuur, vir 14 dae adverteer word en besware ontvang oorweeg word.

***

**BKN041/11/2024**
**<u>VERSOEK VERHURING EN VERVREEMDING VAN MEENTGROND: GEDEELTES VAN RESTANT ERF 1002, PORTERVILLE</u>**
**PTV.1002**

Die Voorsitter lei die item in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. <u>Vervreemding/grenswysiging</u>

1.1 Dat die Raad nie die gedeelte grond waar geboue/strukture van die skougronde oorskry benodig vir minimum vlak munisipale dienslewering nie;

1.2 Dat 'n professionele landmeter aangestel word op onkoste van die applikant om die presiese omvang van oorskrydings van Porterville Tentoonstelling se strukture/geboue op Restant Erf 1002, Porterville te bepaal.

1.3 Dat 'n markverwante waardasie bepaal word deur 'n geregistreerde professionele eiendoms waardeerder op onkoste van die applikant vir die gedeelte grond waar oorskrydings plaasvind;

1.4 Dat die Raad se intensie om vervreemding teen markverwante waardasie van die gedeelte van Restant Erf 1002, Porterville waar Porterville Tentoonstelling se geboue/strukture histories opgerig is teen markverwante waardasie geadverteer word vir 14 dae vir publieke kommentaar/vertoë;

1.5 Indien geen vertoë ontvang word daar voortgegaan word met vervreemding van die grond;

1.6 Dat die onderverdeling/konsolidasie/grenswysigings hanteer word ooreenkomstig die bepalings van Bergrivier Munisipale Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning en koste voorspruitent hieruit vir die koste van Porterville Tentoonstelling sal wees;

1.7 Alle verdere koste byvoorbeeld aanstel van Professionele Landmeter vir opmeet en registrasie van die onderverdeelde gedeelte grond en

konsolidasie daarvan met Erf 1004, Porterville, by die Landmeter Generaal en Aktekantoor vir die koste van die Porterville Tentoonstelling sal wees.

2. Verhuring

2.1 Dat die versoek om verhuring van ’n gedeelte van Restant Erf 1002, Porterville nie toegestaan word omrede die grond benodig word vir Munisipale behuisingsdoeleindes en dat die Direktoraat Gemeenskapsdienste reeds in proses is om ’n projekspan aan te stel vir nodige ondersoeke van die grond vir genoemde doeleindes.

***

**BKN042/11/2024**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: N GEDEELTE VAN ERF 1002, PORTERVILLE MEENTGROND**
**PTV.1002; 7/2/3/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. Dat gedeelte D2 van Erf 1002, Porterville op Bylae A (±20hektaar) tans nie benodig word vir Munisipale dienslewering nie;

3 Dat gedeelte D2 van Erf 1002, Porterville op Bylae A (±20hektaar) per openbare tender beskikbaar gestel word vir ‘n huurtermyn van 5 jaar aan geregistreerde NPO’s en verder onderhewig aan die volgende voorwaardes:

a) Dat die tender insetprys R 600.00 (ses honderd) per jaar beloop (BTW ingesluit);

b) Die grond word verhuur uitsluitlik vir die verbouing van groente, vrugte of ander plantgewasse;

c) Dat geen vee van enige soort op die grond aangehou mag word nie;

d) Dat geen permanente strukture op die gedeelte grond opgerig mag word nie;

e) Dat geen bewoning op die erf mag geskied nie, met diensverstande dat ‘n tydelike struktuur van nie meer as 18m² in totale vloeroppervlakte op die eiendom opgerig mag word vir kantoor/stoor/sekuriteitsdoeleindes;

f) Geen munisipale ingenieursdienste is beskikbaar op die eiendom;

g) Bouplan aansoeke by die Boubeheerbeampte ingedien moet word vir die goedkeuring van enige tydelike strukture voordat dit op die perseel opgerig mag word;

h) Dat die huurder geregtig sal wees om tydelike strukture wat aangebring word te verwyder by verval van die huurooreenkoms;

i) Die aansoeker sal verantwoordelik wees om alternatiewe waterbronne vir besproeïngsdoeleindes te bekom en die nodige permitte van Departement van Waterwese daarvoor te verkry;

j) Die aansoeker sal verantwoordelik wees vir die omheining, beveiliging, skoonmaak en instandhouding van die grond;

k) Dat ‘n terugval klousule wat soos volg lees: “Indien die bate nie vir landboubedrywighede aangewend word nie of benodig word vir

Munisipale dienslewering, mag die huurooreenkoms gekanselleer word deur wedersydse billike kennis van dertig (30) dae te gee of tot laaste oes verwyder word" as voorwaarde in die kontrak vervat word sou die Raad die eiendom beskikbaar stel vir verhuring;

l) Dat die Munisipaliteit nie verantwoordelik gehou kan word vir enige uitgawes wat deur die huurder self of deur befondsers op die perseel aangegaan word nie;

m) Die aansoeker elke jaar 'n finansiële verslag/staat aan Bergrivier Munisipaliteit voorsien om te sien waarvoor die fondse gebruik word en na wie dit verspei word; en

n) Dat geen onderverhuring mag plaasvind.

4 Dat tenderaars moet bewys kan lewer dat hul toegang het tot die nodige toerusting om die grond te bewerk, hetsy by wyse van eie toerusting of ooreenkoms met party wat toerusting besit; en

5 Dat tenderaars moet aandui wie baat vind by hul geregistreerde NPO's se werksaamhede.

***

**BKN043/11/2024**
**<u>REQUEST FOR REGISTRATION OF A RIGHT OF WAY SERVITUDE OVER A PORTION OF REMAINDER ERF 1002, PORTERVILLE IN FAVOUR OF ERF 2181, PORTERVILLE</u>**
**PTV.1002; PTV.2181**

Die Voorsitter lei die item in. Die Stadsbeplanner: Oos hou die verslag kortliks aan die Komitee voor.

**<u>RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

1. That Council do not require the specific portion (as referred to in **Annexure E**) of Remainder Erf 1002, Porterville for exclusive minimum level municipal service delivery, and it can be shared as vehicle access right- of-way servitude to Erf 2181 Porterville;

2. That Council's intention to allow the registration of a 4m wide right-of-way servitude for vehicle access in favour of Erf 2181 Porterville be advertised for 14 days for public comment/representation;

3. If no objection is received, permission is granted to the registered property owner of Erf 2181 Porterville to appoint a professional surveyor at own expense to survey and register the servitude at the Surveyor General for the registration of the 4m wide right of way servitude, as indicated on **Annexure E;**

4. That the owner of Erf 2181 Porterville must install bollards of at least 1m high on the northern boundary of the 4m wide right-of-way servitude prior to registration thereof at the Deeds Office, before 28 February 2025, failing which the Municipality will proceed with the installation, at the cost of the owner of Erf 2181 Porterville;

5. The installation of bollards may not affect Municipal engineering services and must be installed to the satisfaction of this Municipality's Technical Department;

6. That the 4m servitude right-of-way must be registered against the Deed of Transfer of Erf 1002, Porterville in favour of Erf 2181 Porterville in the Deeds Office at the applicant's own expense;
7. The Municipal Manager is authorised to sign documentation to allow the registration of the 4m wide right-of-way servitude in the Deeds Office once bollards are installed;
8. That the registered owners of Erf 2181 Porterville (as well as successors in title) will be responsible for the maintenance of the area over which the right-of-way servitude is registered; and
9. That the owner of Erf 2181 Porterville (as well as successor in title) at all times ensures the safety of vehicular and pedestrian traffic in the right-of-way servitude with consideration of the approaching traffic, especially from the direction at the turn/corner of Disa Street/ DJ Pearce Avenue.

***

***(Die Omgewingsbestuursbeampte verlaat die vergadering om 12:33)***

**BKN044/11/2024**
**<u>WYSIGING VAN DIE INDIENSNEMINGSBELEID</u>**
**9/1/2**

Raadslid Moolman lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat paragraaf 8.2.3 van die Indiensnemingsbeleid soos volg gewysig word:

   *Alle vakatures sal sover moontlik adverteer word ooreenkomstig paragraaf 8.2.2 en enige afwyking van die voorgestelde tydperke* ***en medium van advertensies*** *moet vooraf deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur word,* ***na skriftelike motivering deur die betrokke Direkteur.***

2. Dat die onderstaande paragraaf bygevoeg word tot die Indiensnemingsbeleid as paragraaf 8.2.8:

   **Afwyking van paragraaf 8.2.7 moet deur die betrokke Direkteur gemotiveer en deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur word.**

3. Dat paragraaf 10.1.3 van die Indiensnemingsbeleid soos volg gewysig word:

   Die Voorsitter van die paneel vir vakatures **vanaf 'n T1 – T5 moet die betrokke Toesighouer (wat direk aan die Bestuurder rapporteer) van die betrokke departement/afdeling of Bestuurder wees, vanaf T6 -** T11 ~~moet minstens~~ die betrokke Bestuurder ~~wees~~ en vanaf T12 en hoër ~~minstens~~ die betrokke Direkteur ~~vanaf 'n T12 en hoër~~. Die betrokke Direkteur kan optree as Voorsitter vir enige vakature. Die Toesighouer (wat direk aan die Bestuurder rapporteer) van die betrokke departement/afdeling sal een van die paneellede wees **vanaf T6 – T11**, maar nie optree as Voorsitter nie.

4. Dat alvorens 'n pos geadverteer word, die betrokke Bestuurder en Direkteur moet seker maak dat alle vereistes korrek is;
5. Dat indien daar vooraf bepaal kan word, met ander woorde, nog voordat 'n pos vir die eerste keer geadverteer word, dat poste op posvlak T1-T9 nie vanuit Bergrivier Munisipale Gebied (WC013) gevul gaan kan word nie, die advertensie moet aandui dat plaaslike kandidate in WC013 voorkeur sal geniet; en

6. Dat bogenoemde afwyking soos in punt 6.5, slegs gedoen sal word na skriftelike motivering deur die betrokke Direkteur en goedkeuring deur die Munisipale Bestuurder.

***

**BKN045/11/2024**
**<u>REPORT KEY PERFORMANCE INDICATORS FOR THE 2024/2025 FINANCIAL YEAR QUARTER ENDING DECEMBER 2024: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee takes note of the content of the report.

***

**BKN046/11/2024**
**<u>FUNDING APPLICATIONS: EXTERNAL FUNDING</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**<u>RESOLVED</u>**

That the Mayoral Committee takes note of the funding application from the Department Human Resource Services for a Learnership: Roads and Learnership: Water.

***

**BKN047/11/2024**
**<u>STATUS QUO REPORT: POLICIES WITHIN THE DEPARTMENT HUMAN RESOURCE SERVICES</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee takes note of the list of all the policies within the Department Human Resource Services.

***

**BKN048/11/2024**
**<u>REPORTING OF OVERTIME</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee takes note of the approved overtime budget, and the actual amount spend by 30 September 2024.

***

**BKN049/11/2024**
**STATUS QUO REPORT: POLICIES WITHIN THE DEPARTMENT ADMINSTRATION AND LEGAL SUPPORT SERVICES**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee takes note of the list of all the policies within the Department Administration and Legal Support Services.

***

**BKN050/11/2024**
**FUNDING APPLICATIONS: EXTERNAL FUNDING: ADMINISTRATION AND LEGAL SUPPORT SERVICES**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Mayoral Committee takes note of the funding application from the Department Administration and Legal Support Services for the development and deployment of a new website for Bergrivier Municipality.

***

**BKN051/11/2024**
**REQUEST TO AUTHORIZE PROJECT MANAGEMENT TECHNICIAN TO CONDUCT INSPECTIONS IN THE ABSENCE OF THE BUILDING CONTROL OFFICER**
**15/4/1**

Raadsheer de Vries lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

That Council approve the Project Management Technician to conduct inspections in absence of the appointed Building Control Officers.

***

**BKN052/11/2024**
**EXEMPTION OF BUILDING PLAN SUBMISSION FEES FOR MUNICIPAL INFRASTRUCTURE AND STATE SUBSIDIZED HOUSING PROJECTS**
**15/4/1**

Raadsheer de Vries lei die item in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. The exemption of building plan submission fees for all Bergrivier Municipality Capital infrastructure projects and formal submission thereof;
2. The exemption of building plan submission for Government subsidized housing (RDP) projects in respect of Building plan application fees and formal submission thereof; and
3. That Project Managers gather input from service providers, relevant sections, and Building Control Officers (BCO’s) review and submit final recommendations for approval.

***

**BKN053/11/2024**
**ELECTRICITY MASTER PLAN**
**16/2/5**

Die Voorsitter lei die item in. Hy meld dat die voorlegging gedoen sal word tydens die Raadsvergadering om 14:00.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN054/11/2024**
**THEORETICAL INTERNAL GRID CAPACITY STUDY FOR PIKETBERG, PORTERVILLE AND VELDDRIF**
**16/2/5**

***(Sien notulering by item BKN032/11/2024)***

***

**BKN055/11/2024**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 13 NOVEMBER 2024**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN056/11/2024**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN057/11/2024**
**MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN058/11/2024**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN059/11/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die Amptenare verlaat die vergadering om 12:42, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Munisipale Bestuurder, Direkteur Finansiële Dienste en Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voort sit.)***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:10***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE
NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

___________________________ __________________

***VOORSITTER***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***** ***DATUM***